# Hoofstuk 5
# Basiese grondbeginsels vanuit die basisteorie vir die ontwikkeling van 'n moontlike model om lidmate vir verandering toe te rus

## 5.1 Oriëntering ten opsigte van die verdere studie

Intrinsieke verandering, so het die eksegetiese studie van hoofstuk 2 getoon, is 'n opdrag waartoe gelowiges (lidmate van die Kerk van Jesus Christus) in die Bybel opgeroep word. Dit is ook nie net 'n eenmalige opdrag nie, maar iets wat lewenslank voorrang behoort te geniet. Veranderinge wat Bybelse figure danksy hul gehoorsaamheid aan die roeping van en deur God ondergaan het (vergelyk 3.5.1 tot 3.5.6), het sonder uitsondering groot vrug gebaar. Dít het selfs gebeur in gevalle waar geroepenes luidkeels hul teëstand teen hul Goddelike opdrag verklaar het (vergelyk 3.5.3). Nogtans het die vrug van hul uiteindelike vernuwing nie alleen die volk van God tot voordeel gestrek nie, maar ook mense buite Sy volk – 'n "vaste patroon" waarvan veral Josef se lewe in Egipte (3.5.1) en Jona se doen en late in Ninevé (3.5.3) sprekende voorbeelde is. Gemelde "patroon" kan inderdaad as 'n soort toetssteen vir Kerkveranderinge dien in dié sin dat dit nie alleen die geroepenes se geestelike lewe en lidmate se ingesteldheid jeens mekaar moet transformeer nie, maar ook die lewe in en die lewensomstandighede van die breër samelewing. Jesus sélf roep by geleentheid Sy hoorders van destyds (en daarmee dus ook Sy Kerk van vandag) op om in ál groter gehoorsaamheid volgens Gods wil te transformeer (3.5.7).

Die nooddruf om gedurig ekstrinsiek te verander, word verder vierkantig voor die Kerk (gelowiges) se deur gelê, soos blyk uit studies deur verskillende teoloë in hoofstuk 4 gelys. Buiten die dringende opdrag om voortdurend aan die hand van Gods Woord ekstrinsiek te verander, word daar eweneens uitgestippel dat enige sodanige verandering wat in die Kerk aangebring word, Bybels begrond moet wees (4.2). Hoewel daar dus weerstand teen Kerkverandering ervaar kan word, soos onderpunt 4.5 beskryf, mag niks en niemand dié veranderingsproses laat ontspoor nie.

In hoofstuk 2 is daar met behulp van 'n toegespitste eksegetiese studie van Romeine 12:2 en Efesiërs 4:23 aangedui dat intrinsieke verandering nie vir lidmate vreemd mag wees nie, maar dat dit, onder leiding van die Heilige Gees, vir die Kerk, sy gemeentes en lidmate 'n prioriteit moet wees. Die uiteindelike toets of dié voortdurende geestes-vernuwing en hartsverandering doeltreffend plaasvind, is dan ook of lidmate se gesindheid teenoor mekaar ten goede verander.

In hoofstuk 3 is ondersoek ingestel na moontlike redes waarom die opdrag tot vernuwing van gedagtes spesifiek aan die gemeentes in Rome (3.2) en Efese (3.3) (oftewel die gemeentes in Klein-Asië) gerig is. Gemelde ondersoek het aan die lig gebring dat die lidmate in dié gemeentes wat hul geestelike groei betref begin afstomp het, en dat hulle dit steeds moeilik gevind het om van hul ou, sondige tradisies en gebruike afstand te doen. Hierbenewens het dit geblyk dat die lidmate (wat hoofsaaklik uit die Jode- en die heidendom afkomstig was) moes afsien van die eertydse vyandigheid wat tussen hulle geheers het, en dat hulle moes begin leef uit die besef dat albei groepe danksy Christus ewe veel reg tot lidmaatskap van die Kerk gehad het. Die oproep aan hulle het, kortom, daarop neergekom dat hulle hul eenheid in Christus elke dag sterker en sterker moes uitleef.

Voorts het daar uit 'n Openbaringshistoriese studie geblyk in welke hoë mate Jesus Christus toegespitste verandering (intrinsiek sowel as ekstrinsiek) kom verkondig en uitleef het. Benewens Jesus se voorlewing is die lewens van vyf uitgesoekte Bybelse figure teen die lig gehou wat betref hul Goddelike roeping en hul reaksie op en vervulling van dié roepings. Só het dit gou duidelik geword dat, waar God roep en ingrypende verandering (intrinsiek of ekstrinsiek) of inkeer verg, geen weerstand geduld word nie – hoewel God tóg geduld met en begrip vir die onsekerheid toon wat met sodanige omwentelings gepaardgaan (vergelyk 3.4.2 en 3.4.3). Trouens, in al die gevalle waar dié geroepenes in diensbare gehoorsaamheid die nodige verwagte veranderinge ondergaan het, is hulle ryklik met

Gods seën beloon. Selfs waar die geroepene erg aan gehoorsaamheid tekort geskiet het, soos in Jona se geval, het hy uiteindelik ondanks sy onwilligheid om intrinsiek te verander, gesien hoe gehoorsaamheid aan die opdrag van God 'n ganse stad se mense en diere tot inkeer gebring en van 'n gewisse dood gered het.

Dié noodsaak om intrinsiek te verander en te vernuwe, soos in hoofstuk 4 aangedui (4.3), word nou deur teoloë die Kerk ten laste gelê. Belangriker nóg as die noodsaak om voortdurend te vernuwe, is egter dat enige sodanige vernuwings Bybels begrond sal wees. Selfs wanneer 'n vernuwing heftige teëstand ontlok, moet dit op die regte wyse aangespreek en oorkom word. Begrip vir en geduld met lidmate wat weerstand teen ekstrinsieke verandering toon, is wel gevra.

## 5.2 Doelstelling

Vervolgens sal daar, met die voorgaande hoofstukke as vertrekpunt, in hierdie hoofstuk opsommenderwys gekyk word na die basisteoretiese grondbeginsels wat in gedagte gehou moet word wanneer gemeentebou as instrument by lidmate se toerus op hoofsaaklik ekstrinsieke verandering aangelê word. Hoewel hierdie beginsels vir die doeleindes van gemeentebou geformuleer gaan word, sal dit eweseer geld vir die hart- en kopskuiwe (intrinsieke verandering – PF) wat lidmate elke dag in hul daaglikse en geestelike lewens moet maak. Lidmate is immers nie slegs lidmate wanneer hulle in 'n Kerklike hoedanigheid optree nie, maar ook wanneer hulle besig is om hul daaglikse bestaan te voer.

## 5.3 Metode

'n Sintese van die voorgaande hoofstukke sal vervolgens tot basisteoretiese grondbeginsels gedistilleer word vir aanwending wanneer ekstrinsieke verandering in die Kerk of in sy gemeentes ook al nodig is. Hierdie grondbeginsels kan dan in ag geneem word wanneer lidmate as eerste stap in die gemeentebou-inisiatief op verandering in die Kerk voorberei word.

## 5.4 Basisteoretiese grondbeginsels

Vervolgens die grondbeginsels (kortweg "**BG**") wat uit die basisteoretiese studie geformuleer is en wat hierna saam as instrument by gemeentebou en Kerklike vernuwing aangelê kan word:

**BG1** Die begrip "verandering", soos dit Bybels in die gekose teksgedeeltes vergestalt, dui op daardie volledige metamorfose wat elke Christen (lees: "lidmaat") behoort te ondergaan. Dit is in hoofsaak gemik op intrinsieke verandering, wat sowel denke as lewensgedrag vernuwing impliseer. Met die verandering behoort dan ekstrinsieke verandering waarvoor iemand te staan kom, benader word. Dit is verder 'n proses wat slegs onder leiding van die Heilige Gees kan plaasvind en iets wat deurlopend in die lewe van die Kerk, sy gemeentes en sy lidmate in stand gehou moet word. Danksy hierdie metamorfose moet lidmate ook ál meer aan die beeld van God gelyk word en Jesus as dissipels navolg.

**BG2** As belangrikste onderdeel van hierdie metamorfose wat lidmate moet ondergaan, moet hulle na hul denke vernuwe word. Dit behels onder meer dat hulle van hul ou, sondige denkwyses sal afsien, ten gunste van dié nuwe denke wat by verlostes pas.

**BG3** Enige verandering wat lidmate van die Kerk van Jesus Christus ondergaan of aanpak, moet egter streng op Bybelse beginsels geskoei wees. Dít verg onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan God en 'n volledige oorgawe aan Sy wil. Hierdie soort vernuwing het egter nie menslike voorkeur as spilpunt nie, maar wél die biddende luister na wát God in daardie spesifieke tydvak vir Sy Kerk wil hê en van Sy Kerk verlang.

**BG4** Die noodsaak vir ekstrinsieke Kerklike verandering moet lidmate selfs vóór die aanvang van die veranderingsproses op die hart gedruk word. Dié dringendheid moet meewerk dat God met groter ontsag gedien word, sodat dit uiteindelik die gemeente en ook die breër gemeenskap tot voordeel kan strek. Verder behoort dit tot eer van God en uitbou van sy Koninkryk geskied.

**BG5** Weerstand teen enige voorgenome ekstrinsieke Kerklike verandering moet, luidens die studie, nie alleen as 'n reël verwág word nie, maar ook proaktief onder lidmate bestuur word. Elke moontlike stap moet egter geneem word om dié weerstand af te breek, aangesien God nóg traagheid nóg ongehoorsaamheid by Sy geroepenes duld.

**BG6** Omdat geestelike vernuwing slegs die werk van die Heilige Gees kan wees, gaan eksterne druk dit juis nie vir lidmate makliker maak om hul weerstand teen Kerklike ekstrinsieke verandering te oorkom nie. Om dié rede moet die pad wat met weerstandige lidmate gestap word, altyd van die uiterste geduld en deernis getuig.

**BG7** Wat die toerus van lidmate ten opsigte van ekstrinsieke Kerklike verandering betref, moet dit vir elkeen uit die staanspoor duidelik wees dat alle ekstrinsieke veranderinge slegs op één ding afgestem is, naamlik om die lidmate en die Kerk se Bybelse opdrag en roeping net meer en meer doelgerig tot eer van God en ter uitbreiding van Sy koninkryk hier op aarde uit te voer en te vervul. Op dié manier moet elke ekstrinsieke Kerklike verandering tot die Kerk se diensbaarheid in en diensvaardigheid aan die wêreld bydra, sodat die Kerk **vir** die wêreld (hoewel nie **van** die wêreld nie) sal bly wees.

**BG8** Tydens die veranderingsproses moet daar egter met die omsigtigheid jeens en begrip vir gevestigde tradisies en ou gebruike omgegaan word. Op dié manier sal die ou tradisies en gebruike nie bloot tydens die veranderingsproses oorboord gegooi word nie, maar sal dit van nuuts af met Bybel-begronde beginsels ingeklee kan word.

Vervolgens gaan daar aan die hand van hierdie basisteoretiese grondbeginsels metateoreties 'n basiese studie van die Mensbestuur-vakgebied onderneem word ten einde vas te stel watter lig dié vakgebied op die hantering van ekstrinsieke verandering kan werp. Mensbestuur is vir dié doel gekies juis omdat dit die vakgebied is wat hom by uitstek met nuwe verwikkelinge in die mens se

werkplek en werkomstandighede bemoei. Daarna sal 'n empiriese studie, hoewel van beperkte omvang, gedoen word om te bepaal in welke mate lidmate hulself vir ekstrinsieke verandering toegerus voel, asook om vas te stel welke ekstrinsieke veranderinge hulle reeds op Kerklike terrein ondergaan het en watter uitwerking sodanige ekstrinsieke veranderinge op hulle gehad het.